MINI-MARK

Ons is op soek na **boeke** en allerlei nuttige, **bruikbare artikels** vir ons "odds & ends"-tafel, asook **klein glasbotteljies** met of sonder deksels. Bogenoemde kan asb. by die kerkkantoor afgelewer word.

Enige belangstellendes wat wil betrokke raak by die Mini-Mark, veral nuwe intrekkers, kan gerus die koördineerders kontak:

- ✓ Cecile van der Poel (073 173 1134)
- ✓ Josephine dL den Bouter (082 830 5337)

TYGERBERG STADSKOOR

Die Tygerberg Stadskoor tree Sondag 27 Maart om 9:00 op tydens die erediens van die NG Gemeente Suider-Strand in Gordonsbaaiweg en voer o.a. die Stabat Mater van Joseph Rheinberger uit, 'n kort koorwerk wat aansluit by Lydenstyd en fokus op Christus se lyding. Hulle word op die orrel begelei deur die orrelis Joseph Moses, wat ook 'n kort orrelwerk van Rheinberger sal uitvoer.

Johan Steyn
Voorsitter
jd.steyn8@gmail.com
+27 082 574 1605 (whattsapp)

STADSKOOR
TYGERBERG
CITY CHOIR

Kategese

- Junior kategese (voorskool tot graad 6) tydens die erediens in die kerksaal.
- Senior kategese na die erediens in die onderskeie lokale in die kerksaal.

Junior kategese: 13 Mrt: Oefen saam met die span

"Kom, ek sal saam met jou hardloop" ***Sit jou een voet voor die ander…! Go, Go, Gooo…!***
Teen 37 km van die 42.2 km marathon raak dit al moeiliker om op die mense langs die pad se aanmoedigings te reageer. Al wat ek hoor is ***sit, sit***, die voet deel van die sinnetjie is verlore. Ek wil net gaan sit, ek gee nie om wat my voete doen nie, so moeg is ek al…. Dit is toe dat 'n ouer vroue-atleet, miskien al in haar sestigs, hier langs my inval en my aanspoor. ***"Kom, ek sal saam met jou hardloop. Saam sal ons dit maak."*** Sy val by my pas in en begin om my moed in te praat. Saam voltooi ons die marathon. Sy groet my en verdwyn in die skare. Haar aansporing het gemaak dat ek die wedloop voltooi het. Die verskil tussen haar en die mense langs die pad was dat sy saam met my gehardloop het. Vandag praat ons oor hoe ons saam as kinders van die Here die Christen-wedloop hardloop. Elkeen hardloop op sy eie, maar as dit lyk of die ander uitsak, dan kom die aansporing: ***"Kom, ek sal saam met jou hardloop. Saam sal ons dit maak."***
"Laat ons na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade." Hebreërs 10:24

PROGRAM: KATEGESE vir JUNIOR FASE (Voorskool tot graad 6)

Datum	Aanbieding	Aanbieder
13 Mrt	Oefen saam met die span	Suzelle
10 Apr	**Gesinsdiens**: Amazing Race - Paasfees	Werner
24 Apr	Woord-vitamines	Merizle
08 Mei	Strek- en asemhalingsoefeninge	Hennie
15 Mei	Asem in, asem uit!	Suzelle
22 Mei	Hou jou voete fiks	Merizle
29 Mei	Pinkster	Aanbieders
05 Jun	Pinkster	Aanbieders
12 Jun	Pinkster	Aanbieders
24 Jul	**Gesinsdiens**: Amazing Race	Werner
31 Jul	Bekendstelling: Menslike hindernisbaan	Hennie
14 Aug	Hou by die reëls	Suzelle
21 Aug	Ken jou opponent	Werner
28 Aug	Trek aan vir aksie!	Merizle
04 Sep	Hindernisse in die pad	Hennie
11 Sep	Vat vlam!	Suzelle
18 Sep	Bekendstelling: Mini Olimpiese Spele	Merizle
25 Sep	Opgee is nie 'n opsie nie!	Hennie
16 Okt	**Gesinsdiens**: Amazing Race	Werner
23 Okt	Comrades kampioene	Suzelle
30 Okt	Sien die skare	Merizle
06 Nov	Wanneer die eindfluitjie blaas	Hennie
13 Nov	Prysuitdeling	Suzelle
20 Nov	**Gesinsdiens**: Kategese afsluiting en kersfees	Werner